

## DIE INSTELLINGSWOORDE VIR DIE NAGMAAL

### 'N VERGELYKENDE STUDIE VAN DIE VIER BERIGTE IN DIE SINOPTIESE EVANGELIES EN 1 KORINTTIËRS 11

J.C. Cnetzee

Departement Nuwe Testament

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

POTCHEFSTROOM

#### Abstract

#### THE INSTITUTING WORDS FOR COMMUNION

*This article concentrates on the very wording and phrasing regarding the four reports in the New Testament on the institution of the Lord's Supper. Using a synopsis as the basis for discussion, a closer investigation is made of Jesus' wording and phrasing of the symbolical meaning of the (breaking of) bread and the (giving of) the cup.*

*It is pointed out that the early witnesses confront us with a twofold tradition: that of Matthew-Mark and that of Paul-Luke - both traditions having without questioning been acknowledged as the inspired Word-of God.*

*Certain points of agreement and certain points of difference are shown to be of importance for the exegesis but also for dogmatic and for liturgical practices. In this regard several points and questions are posited, for example with regard to the cup-words: it is obvious that throughout the four reports the cup and not the wine is mentioned. Similarly the fruit of the vine, rather than wine is referred to by Jesus. This raises the questions whether this feature is not to be regarded as a covenantal motif and what the implications of the reference to the new covenant are. This last matter proved to be the central issue concerning the institutional words of Jesus.*

#### 1. INLEIDEND

##### 1.1 Die doel

Die doel van hierdie artikel is om eerstehands-vergelykend die vier berigte van die Nagmaalsinstelling in die Nuwe Testament te ontleed, en om in die proses ooreenkomste en verskille te identifiseer en op grond daarvan gevolgtrekkings te maak.

## 1.2 Die opset

Die opset van die artikel word uiteraard sterk beïnvloed deur die voorgeskrewe beperkte omvang daarvan sowel as deur die temas van ander artikels. 'n Kort verduideliking van die opset is daarom te meer noodsaaklik. Na hierdie inleidende opmerkings word (as punt 2) enkele hipoteses gestel wat dan getoets moet word. Daarna volg (as punt 3) 'n sinopsis (in die vorm van 'n naasmekaar-geplaaste en dus vergelykbare weergawe) van die vier berigte in Grieks gegee. Hierdie sinopsis dien as referensiebron vir die res van die artikel. Voor die handliggende perspektiewe wat die sinopsis bied, word vervolgens (punt 4) geformuleer. Daarna word meer gedetailleerd gekyk na die instellingswoorde self: eers na die *broodwoorde* en dan na die *bekerwoorde* (punt 6).

## 2. ENKELE HIPOTSES

Enkele *provokatiewe* hipoteses word gestel wat vervolgens eksegeties-analities getoets moet word. Die vyf hipoteses wil, in hulle beperktheid, verteenwoordigend wees van kardinale vrae uit verskillende teologiese hoeke, maar sal steeds streng eksegeties beskou word.

### 2.1 Eksegeties-gesproke

Uit die vier berigte kan ons nie bo alle twyfel die *ipsissima verba* - dit is, die presiese oorspronklike woorde - van Jesus tydens die Nagmaalsinstelling bepaal nie.

### 2.2 Eksegeties-gesproke

Indien ons wel in een van die vier berigte Jesus se presiese woorde (*sy ipsissima verba*) het, is daar geen eksegeties-hermeneutiese wyse om hulle met sekerheid te identifiseer nie.

### 2.3 Apologeties-gesproke

Menslikerwys gesproke, sou verwag kon word dat die Skrifte ons oor so 'n kardinale saak as Jesus se eie bewoording van die *betekenis* van die Nagmaal, besonderlik van die tekens, naamlik *brood* en *beker* nie in onsekerheid sou laat nie. Positief gestel: juis hier (soos by die doop) sou die mens onbetwisbare duidelikheid verwag het, of wou hê.

## 2.4 Dogmaties-gesproke

Juis die hipoteses 2.1 tot 2.3 - indien korrek - bewys dat die instellingswoorde van Jesus vir die Nagmaalsbediening vanaf die instellingsmoment én in die heel vroegste kerk nie bedoel was óf beskou was as *towerformules* (wat dus *eks opere operato*-krag het) nie.

## 2.5 Oorkoepelend

By alle kleinere verskille en verskillende beklemtoninge is die vier berigte in hulle essensiële boodskap eenstemmig.

## 3. 'N SINOPSIS<sup>1</sup> VAN DIE VIER BERIGTE VAN DIE NAGMAALSINSTELLING<sup>2</sup>

Matteus 26:26-29

26 Ἐσθιόντων δὲ αὐτῶν λαβὼν ὁ Ἰησοῦς ἄρτον καὶ εὐλογήσας ἐκλάσεν καὶ δοὺς τοῖς μαθηταῖς εἶπεν, Λάβετε φάγετε, τοῦτό ἐστιν τὸ σῶμά μου. 27 καὶ λαβὼν ποτήριον καὶ εὐχαριστήσας ἔδωκεν αὐτοῖς λέγων, Πίετε ἐξ αὐτοῦ πάντες, 28 τοῦτο γὰρ ἐστὶν τὸ αἷμά μου τῆς διαθήκης τὸ περὶ πολλῶν ἐκχυνδόμενον εἰς ἄφεσιν ἁμαρτιῶν. 29 λέγω δὲ ὑμῖν, οὐ μὴ πῖω ἀπ' ἄρτι ἐκ τούτου τοῦ γενήματος τῆς ἀμπέλου ἕως τῆς ἡμέρας ἐκείνης ὅταν αὐτὸ πίνω μεθ' ὑμῶν καὶ οὖν ἐν τῇ βασιλείᾳ τοῦ πατρὸς μου.

Markus 14:22-25

22 Καὶ ἐσθιόντων αὐτῶν λαβὼν ἄρτον εὐλογήσας ἐκλάσεν καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς καὶ εἶπεν, Λάβετε, τοῦτό ἐστιν τὸ σῶμά μου. 23 καὶ λαβὼν ποτήριον εὐχαριστήσας ἔδωκεν αὐτοῖς, καὶ ἔπιον ἐξ αὐτοῦ πάντες. 24 καὶ εἶπεν αὐτοῖς, Τοῦτό ἐστιν τὸ αἷμά μου.

<sup>1</sup>Ondanks Johannes 6 se waarskynlike tersaaklikheid word dit nie hierby ingesluit nie omdat dit in 'n afsonderlike artikel bespreek word.

<sup>2</sup>Daar kom meerdere teksvariante in hierdie gedeeltes voor. Vir die doeleindes van hierdie artikel word (welbewus daarvan) egter gewerk met die Griekse teks van UBS 3. Alleen waar dit wesenlik ter sprake mag wees, word variante in ag geneem. Metzger (1971) en Petzer (1985) gee insiggewende breëre tekskritiese kommentaar.

μου τῆς διαθήκης τὸ ἐκχυννόμενον ὑπὲρ πολλῶν· 25 ἀμὴν λέγω ὑμῖν ὅτι οὐκέτι οὐ μὴ πῖω ἐκ τοῦ γενηματος τῆς ἀμπέλου ἕως τῆς ἡμέρας ἐκείνης ὅταν αὐτὸ πῖω κοινοῦ ἐν τῇ βασιλείᾳ τοῦ θεοῦ.

Lukas 22:16-20

16 λέγω γὰρ ὑμῖν ὅτι οὐ μὴ φάγω αὐτὸ ἕως ὅταν πληρωθῇ ἐν τῇ βασιλείᾳ τοῦ θεοῦ. 17 καὶ δεξιόμενος πατῆριον εὐχαριστήσας εἶπεν, Λάβετε ταῦτα καὶ διωμερίσατε εἰς ἑαυτούς· 18 λέγω γὰρ ὑμῖν {ὅτι} οὐ μὴ πῖω ἀπὸ τοῦ νῦν ἀπὸ τοῦ γενηματος τῆς ἀμπέλου ἕως οὗ ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ ἔλθῃ. 19 καὶ λαβὼν ἄρτον εὐχαριστήσας ἔκλασεν καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς λέγων, Τοῦτό ἐστιν τὸ σῶμά μου { τὸ ὑπὲρ ὑμῶν διδόμενον ταῦτα ποιεῖτε εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν. 20 καὶ τὸ πατῆριον ὡσαύτως μετὰ τὸ δειπνήσαι λέγων, Τοῦτο τὸ πατῆριον ἡ καὶνὴ διαθήκη ἐν τῷ αἵματί μου, τὸ ὑπὲρ ὑμῶν ἐκχυννόμενον }.

1 Korintiërs 11:23-26

23 Ἐγὼ γὰρ παρέλαβον ἀπὸ τοῦ κυρίου, ἃ καὶ παρεδωκα ὑμῖν, ὅτι ὁ κύριος Ἰησοῦς ἐν τῇ νυκτὶ ἣ παρεδίθετο ἔλαβεν ἄρτον 24 καὶ εὐχαριστήσας ἔκλασεν καὶ εἶπεν, Τοῦτό μου ἐστὶν τὸ σῶμα τὸ ὑπὲρ ὑμῶν· ταῦτα ποιεῖτε εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν. 25 ὡσαύτως καὶ τὸ πατῆριον μετὰ τὸ δειπνήσαι λέγων, Τοῦτο τὸ πατῆριον ἡ καὶνὴ διαθήκη ἐστὶν ἐν τῷ ἐμῷ αἵματι· ταῦτα ποιεῖτε, ὡς ὅτι ἐὰν πίνετε, εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν. 26 ὡς ὅτι γὰρ ἐὰν ἐσθίητε τὸν ἄρτον τοῦτον καὶ τὸ πατῆριον πίνετε, τὸν θάνατον τοῦ κυρίου καταγγέλλετε, ἄχρι οὗ ἔλθῃ.

#### 4. VOOR-DIE-HAND-LIGGENDE PERSPEKTIEWE WAT DIE SINOPSIS BIED

Ten opsigte van verskeie sake is die getuigenis van al vier die berigte so eenstemmig dat dit enersyds nie hier nadere beredenering benodig nie en andersyds onderstreep hoe kardinaal hierdie Skrifperspektiewe vir die be-teken-is van die Nagmaalsinstelling is.

Die volgende word dus stellenderwys aangedui met 'n byskrif waar nodig:

- \* Die berigte is eenstemmig dat Jesus en wel Jesus alleen die Nagmaal ingestel het.
- \* Ewe eenstemmig is die berigte dat Hy dit Self met daad en woord ingestel het.
- \* Eweneens korreleer die berigte volledig dat Hy die instelling én die betekenis van die Nagmaal eksplisiet en op intense wyse aan sy komende kruisdood verbind het.
- \* Uit die sinopsis is dit onmiskenbaar duidelik dat ons in die vier berigte twee afsonderlike (nie teenstrydige) getuienispare het: enersyds Matteus-Markus en andersyds Lukas-Paulus. So verklaar ook Versteeg (1980, 28) " ... dat die vier berichten twee groepe vorm: die groep van die berichten bij Mattheüs en Markus enerzijds en die bij Lukas en Paulus anderzijds". Hierdie feit sal in die verdere bespreking telkens weer aan die orde kom.
- \* Verbandlegging tussen die Nagmaalsinstelling en die Ou-Testamentiese Pasga kom in al drie Sinoptiese Evangelies voor. 'n Opvallende verskil, hoewel nie sonder meer 'n teenstelling nie, is die feit dat net Paulus in 1 Korintiërs 11 geen melding of selfs verwysing na die Pasga maak nie. Dit gaan in 1 Korintiërs duidelik om praktiese vrae by die konkrete gemeentelike Nagmaalsviering.
- \* Al vier berigte plaas die Nagmaalsinstelling uitdruklik in eskatologiese koninkrykperspektief. Dit geskied wel op uiteenlopende maniere en verskillende plekke in die volgorde van die berigte - vergelyk Matt 26:29, Mark 14:25, Luk 22:18, 1 Kor 11:26 (vergelyk ook Petzer, 1985,33).
- \* 'n Laaste voor-die-hand-liggende perspektief - wat egter juis vanweë die onmiskenbare kardinale betekenis daarvan blyk nie onproblematies te wees nie - is die verbondskader waarbinne die Nagmaal by sy instelling geplaas word.

##### 5. NADERE ONDERSOEK VAN DIE *BROODTEKEN* EN BESONDERLIK DIE INSTELLINGSWOORDE DAARVAN

Ook hier beweeg ons vanaf die minder omstrede na die meer problematies:

- \* Die berigte is volkome eenstemmig in hulle verwysing na die brood (ἄρτον) - drie van die vier (Paulus uitgeslote) is eenstemmig in hulle verwysing dat dit ná, maar direk aansluitend, by die Pasgaviering was.
- \* Al vier berigte getuig van Jesus se aktiewe neem/vat (λαβών - Matt, Mark, Luk: ἔλαβεν - 1 Kor) van die brood.
- \* Oor Jesus se persoonlike *breek-van-die-brood* is daar volledige eenstemmigheid - selfs tot die formulering toe: al vier berigte gebruik ἐκλασεν, die aoristus indikatief, om 'n eenmalige historiese handeling aan te dui.

Oor Jesus se persoonlike *gee-van-die-brood* is die sinoptiese berigte eenstemmig. Hier word die bewoording egter meer uiteenlopend en in 1 Korintiërs 11 word dit nie eksplisiet vermeld nie:

Matt: καὶ δούς τοῖς μαθηταῖς εἶπεν ...

Mark: καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς καὶ εἶπεν ...

Luk: καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς λέγων ...

1 Kor: καὶ εἶπεν ...

Voordat 'n mens kom by die instellingswoorde self, moet die *mees opvallende beriggewing* rondom wat gebeur het aangedui word: wanneer, en op welke liturgiese manier het Jesus die broodbreking as element van die Nagmaal ingestel? Hier word slegs belangrike ooreenkomste en verskille aangestip en enkele liturgiese vrae word net gestel:

- i) Al vier berigte getuig eenstemmig dat Jesus - al was dit die vooraand van sy kruisdood waarvan Hy wel bewus was - die Nagmaal met danksegging/lofsegging ingestel het. 'n Aoristus deelwoord εὐλογήσας of εὐχαριστήσας wat aandui dat dit 'n afgehandelde daad voorafgaande aan die Nagmaalshandeling en -woorde was, word deurgaans gebruik.
- ii) Al vier berigte verstrek dan ook dieselfde liturgiese orde: dat Jesus
  - a. eers die brood ter hand geneem het;
  - b. toe gedank/geloof het;
  - c. daarná die brood gebreek het;
  - d. eers τόέ die *be-teken-is-segging* uitgespreek het.Die vraag is seker legitiem of dit implikasies vir ons Nagmaalsliturgie van vandag het.
- iii) By bogenoemde ooreenkomste is dit opvallend dat Matteus-Markus εὐλογήσας (*geloof het*) gebruik en Lukas-Paulus εὐχαριστήσας (*gedank het*). (Terloops: laasgenoemde is die basis van die Roomse benoeming van die Nagmaal as die Eucharist(os)). Te meer opvallend is dit dat Matteus-Markus ook wel εὐχαριστήσας gebruik - maar dan voor Jesus se *gee van die beker*! Nóg meer opvallend is die feit dat die εὐχαριστήσας in die geval van die beker nou weer by Lukas-Paulus ontbreek en ook nie deur een of ander sinoniem vervang word nie (vergelyk ook Versteeg, 1980:27-28).

Opmerking: Die verskil tussen εὐλογήσας by Matteus-Markus en εὐχαριστήσας by Lukas-Paulus is semanties-gesproke minimaal. Dit

word bevestig deur die feit dat juis Matteus en Markus εὐλογῆσας (Matt 26:26; Mark 14:22) daarna afwissel met εὐχαριστήσας (Matt 26:27; Mark 14:23). Louw en Nida plaas die twee werkwoorde ook in direk naasmekaarstaande *subdomains* van *Communication* (1988: 388-389; 428-429). Beide uitdrukkings is binne die konteks onmiskenbaar gebedsterme.

Vragenderwys: Waar die danksegging/lofsegging volgens die eenstemmige getuienis van al vier berigte, eerstens pertinent vooraf gegaan is deur die broodteken en -woorde, en volgens Matteus-Markus, óók by die bekerteken en -woorde; en tweedens deur al vier by die *brood*teken geplaas word, en net deur die Matteus-Markusberigte óók by die bekerteken voorkom - kom die volgende vrae na vore:

- a. Is dit voldoende dat ons in ons Nagmaalsliturgie volstaan - soos tans in die formulier - met 'n enkele formule, naamlik "die beker van danksegging wat ons met danksegging sien...?"
- b. Is dit verantwoord dat voor die broodteken en -woorde geen pertinente danksegging - as gebed - uitgespreek word nie - terwyl dit juis by die brood is dat al vier berigte dit vermeld?
- c. Dit is waar dat die slotgebed van ons Nagmaalsliturgie die element van lof en dank bevat. Maar nóg die *uitdeelformules* nóg die gebed wat vooraf gaan, bevat daar enigiets van. Die vraag is: is die liturgiese orde wat Jesus gebruik het van sakramentele belang of nie? Die proefskrif van A.B. du Toit (1965), veral die derde en vierde hoofstuk (p. 63-102) skyn hier besonderlik ter sake.

### 5.1 Die bevelswoorde (imperatiewe) by die brood-teken

Hier is twee verskille en in sekere mate selfs drie, in die twee pare berigte baie opvallend:

- Terwyl al vier berigte eenstemmig is oor Jesus se neem en breek van die brood, is dit opvallend dat die Jesusbevel *neem* (λάβετε) alleen by Matteus-Markus voorkom en geheel by Lukas en Paulus ontbreek. Dit is eienaardig dat Versteeg, wat die instellingswoorde skerpsinnig-vergelykend ontleed, hierdie verskil nie uitdruklik bespreek nie (1980:23-45). Dát die dissipels die gebreekte brood moes *neem* is egter só logies dat die direkte bevel van Jesus by Lukas-Paulus as ellipties en verondersteld geag mag word.
- Omgekeerd is dit opvallend dat by die broodteken die Jesusbevel "doen dit tot my gedagtenis" alleen by Lukas-Paulus voorkom, terwyl dit heeltemal by Matteus en Markus ontbreek. Die betekenis van hierdie bevel word nie hier bespreek nie, aangesien dit in Jordaan se artikel aandag geniet.

- \* 'n Derde verskil raak 'n onderskeid binne die Matteus-Markusberigte: alleen Matteus het nog 'n opvolgende bevel φάγετε *eet* (*Neem, eet*). Hierdie eetbevel kom nét in Matteus voor. Dit op sigself is opvallend. Te meer opvallend is dat die meeste kommentare nie daarop kommentaar lewer nie, en dit selfs nie eers noem nie. Dit lyk voor-die-hand-liggend dat Matteus as Jood wat aan Jode skryf, hier 'n Pasgagewoonte in sy teks ingewerk het. Strack-Billerbeck (1961: 991) toon egter geen sodanige rabbinistiese parallel aan nie, en die ondersoek van Eksodus 12 gee nie vanuit die instelling van die Pasga 'n motivering daarvoor nie. Dit lyk dus (op hierdie stadium van navorsing) nie of hierin iets van dogmatiese of liturgiese belangrikheid geleë is nie. Die *eet*-opdrag moet as implisiet-aanwesig by die ander drie berigte geag word.

## 5.2 Jesus se bewoording van die be-*teken*-de saak

Hierin, en dit is van deurslaggewende belang, is al vier berigte 99% eenstemmig. Van die gebreekte brood geld simbolies: "Dit (beter "Hierdie) is my liggaam". Die enigste klein verskil is dat *μού* (*my*) in 1 Korintiërs 11:24 vroeër geplaas is as in die ander drie berigte. Maar by vertaling lui al vier: "Hierdie is my liggaam".

Bondig gestel is die volgende aspekte belangrik:

- 5.2.1 By hierdie instellingswoorde is Jesus Self as ware mens nog vóór sy kruisdood liggaamlik teenwoordig. Met sy woorde: "Hierdie is my liggaam" kan daar dus geen sprake wees van transfigurasie of transsubstansiasie van die Nagmaalsbrood vir die egte vleeslike liggaam van Jesus nie, tensy 'n mens natuurlik op Skrifkritiese wyse hierdie *instellingswoorde* herplaas tot latere *liturgiese formules* van die vroeë *Gemeinde-theologie* - iets wat in hierdie artikel nie aanvaar word nie.
- 5.2.2 In die lig van die volkome eenstemmigheid van al vier berigte (en 'n mens sou waarskynlik Johannes 6 as vyfde kon byvoeg!) kan daar geen twyfel wees dat:
  - i) die brood Jesus se liggaam simboliseer;
  - ii) die *breking* van die brood sy kruisdood simboliseer.
  - iii) Jesus Hom in die Nagmaalsinstelling - minstens dan in sy *broodtekenwoorde* - nie eksplisiet met die eksodus-Pasga se ongesuurde brode en/of paaslam identifiseer nie.



5.2.3 Maar wat bedoel Jesus dan wanneer Hy van die brood wat hy breek en uitdeel sê: "Hierdie is *my liggaam*" (τοῦτο ἐστὶν τὸ σῶμά μου)?

i) By enige breëre vergelyking met Johannes 6:22 en volgende sal die volgende feit deeglik verdiskonteer moet word: by alle punte van ooreenkoms staan die feit vas dat Johannes 6 konsekwent van σὰρξ μου ("my vlees", "my vleis") praat, terwyl die vier berigte eenstemmig en konsekwent van σῶμά μου ("my liggaam") praat.

ii) Versteeg (1980:42) maak 'n baie sterk saak daarvan dat σῶμά, *liggaam*, in die Nuwe Testamentiese Grieks dui op "wat iemand is als skepsel van God in de totaliteit van zijn mens-zijn". Op bladsy 43 stel hy dit só: "Die woorden betekenen niets anders dan: 'Dat ben Ikzelf' ... De woorden 'Dat is mijn lichaam' kunnen we dan ook parafaserend omschrijven met: 'Dat ben Ikzelf in mijn zelfovergave aan het kruis'".

Met agting vir Versteeg moet ek hierdie kategoriese stellings van hom bevraagteken. Daarvoor word twee argumente aangevoer, waarvan die tweede miskien nog meer gewig dra as die eerste:

a. Op semantiese vlak: Met Versteeg (1980:42) word saamgestem dat σῶμά (*liggaam*) in Romeine 12:1 dui op die mens as geheel. Maar om slegs één gedeelte te noem - σῶμά (*liggaam*) kom verskeie kere in 1 Korintiërs voor. En dan juis nie vir die mens as 'n persoon nie, maar ter verkondiging van die onopgeefbaarheid van die geloof dat by onse Here Jesus Christus se weerkoms die *liggaam* van alle mense sal opstaan. (Skrywer hiervan wéét dat dit tog ook Versteeg se oortuiging was - J.C.C.).

b. Myns insiens - duidelik soos wat die argument in punt a hierbo is - is die simbole of tekens self wat Jesus vir die Nagmaal ingestel het nog meer deurslaggewend. Indien *die brood* - dit is my σῶμα (my *liggaam*) tog alreeds bedoel om te dui op die hele *persoon van Jesus as Verlosser*, waarom het Jesus *nog 'n teken bygevoeg!* *Waarom móés* daar nog 'n *wynteken*, dit wil sê, 'n *bloedteken* bygevoeg word?!

iii) Samevattend kan gestel word dat met die woorde "dit is my σῶμά (my *liggaam*)" Jesus die absolute realiteit wou uitdruk dat hy *liggaamlik-fisies* gebreek sal/sou moes word vir ons - hoe verskriklik dit ookal mag wees.

### 5.3 Die begunstigdes

Die Nagmaal is deur Jesus ingestel as teken en seël van die verlossende genade wat in en deur sy soendood geldig is. Dit is die onweerlegbare Skrifgetuienis.

Maar - waar daar twee sakramentele tekens (brood en beker/wyn) is, is die onderskeid in Jesus se toesegging van begunstiging by die onderskeie tekens tog opvallend:

By Matteus-Markus word geen aanduiding/verwysing na die *begunstigdes* deur Jesus se liggaam (be-teken deur die gebreekte brood) gegee nie. Dit kom by Matteus-Markus by die beker-teken voor. Die Lukas-Paulus getuienis gee egter nadere kwalifiseringe by die brood-teken:

Lukas sê: τὸ ὑπὲρ ὑμῶν διδόμενον

Paulus sê: τὸ ὑπὲρ ὑμῶν (variante-byvoegings is κλῶμενον en διδόμενον)

Op grond van die feit dat Matteus-Markus by *die beker* wel bepaalde begunstigdes noem, kan die vraag gevra word of dit nie moontlik is dat dieselfde begunstigdes by implikasie ook by *die brood* veronderstel word nie.

Die weglating van *die begunstigdes* by die brood-teken laat egter tog wel die vraag hangende of Matteus-Markus die brood-teken op heeltemal dieselfde simbolies-sakramentele vlak as die beker/wyn-teken ag. (Punt 5.4 en 5.5 voer die vraag verder.)

### 5.4 Die brood en die verbond

Die verbond beklee 'n besondere plek by die instelling van die Nagmaal. Dit is egter 'n opvallende feit dat geeneen van die vier berigte 'n verband trek tussen die brood-teken en die verbond nie - in elk geval, hoegenaamd nie in die instellingswoorde van Jesus nie. In Jesus se instellingswoorde - soos hulle in die tersaaklike berigte voorkom - is hierdie verband egter eksplisiet beperk tot die bekerteken.

Miskien is die vraagstelling nou nog sterker as by 5.3: siende dat die verbondsaspek in die instellingswoorde ten opsigte van die beker so prominent is, maar by die brood-teken *slegs by implikasie* aanwesig is, dui dit dalk enigsins in die rigting dat die brood-teken op 'n laere/mindere sakramenteel-simboliese vlak as die beker-teken lê?

### 5.5 Die brood en die koninkryk van God (die hemele)

Weer eens val dit op dat die verband tussen die Nagmaal en die koninkryk volgens Jesus se instellingswoorde in al vier berigte *nie* by die brood-teken voorkom *nie*, maar in al vier *wél* by die beker/wyn-teken. Die reeds by 5.3 en 5.4 gestelde vraag word hierdeur opnuut onderstreep. Hierdie vraag mag 'n belangrike dogmaties-liturgiese implikasie inhou: is dit naamlik aanduidinge dat die beker/wyn-teken klimakties op die brood-teken volg?

## 6. 'N NADERE ONDERSOEK VAN DIE BEKER/WYN-TEKEN EN IN BESONDER DIE INSTELLINGSWOORDE DAARVAN

Hoewel dit allerminder belangrik is, is baie aspekte wat die beker-teken raak, reeds bespreek, daarom kan hieroor korter gehandel word. Hier moet veral na punt 4 terugverwys word. Soos tevore word beweeg van die minder na die meer problematiese.

### 6.1 Die beker

In al vier berigte is sprake van die ποτήριον, die *beker*. Paulus verwys twee kere na *die beker* en praat nie net van "drink uit die beker" nie, maar in 1 Korintiërs 11:26 staan letterlik: "hierdie beker drink". Die eksegetiese implikasie hiervan is dat die *beker* staan klaarblyklik baie sterk op die voorgrond staan - skynbaar selfs sterker as die wyn (inhoud) daarvan. Hierdie waarskynlikheid word versterk deur die ander maniere waarop na 'n/die beker verwys word:

- i) Direk met betrekking tot die Nagmaal lees ons in 1 Korintiërs 10:16: "die beker van danksegging wat ons met danksegging seën" (1933/53 AV) - of "... waarvoor ons God dank" (1983 AV). En net daarna in 1 Korintiërs 10:21: "die beker van die Here drink" (ποτήριον κυρίου πίνειν) in skerp teenstelling met "die beker van demone" (ποτήριον δαμονίων).
- ii) Uitdruklik met betrekking tot Jesus se lydensdood:
  - a. Matt 20:22-23 en Mark 10:38-39;
  - b. en by *al vier* evangeliste: Matteus 26:39; Markus 14:36; Lukas 22:42 én Johannes 18:11.

- iii) Sterk kontrasterend:
  - a. Die *beker* van God se eindvergelding: Openbaring 14:10; Openbaring 16:19; Openbaring 18:6.
  - b. Die *beker* van die gruwels van die goddelose: Openbaring 17:4; Openbaring 18:6.

## 6.2 Die vrug van die wingerdstok

Die drie evangelieskrywers, maar nie Paulus nie, meld Jesus se verwysing na "die vrug van die wingerdstok" (Matt 26:29; Mark 14:25; Luk 22:18).

Dit is eksegeties seker nie onbelangrik dat nie een evangelieskrywer die woord *οἶνος* (*wyn*) gebruik nie, maar dat al drie evangeliste die uitdrukking τοῦ γενήματος τῆς ἀμπέλου (*die vrug van die wingerd(stok)*) gebruik.

Dit moet daarom as 'n verlies aangeteken word dat die Afrikaanse 1983-vertaling in al drie bogenoemde verse die uitdrukking *die vrug van die wingerd(stok)* sonder weergee met *wyn*.

(Let wel: dit gaan hier nie om die moderne vraag of dit gegiste wyn of druiwesap was nie. Gegiste wyn was die gebruik by die Joodse Pasga en skrywer hiervan beskou dit as vanselfsprekend, maar die saak hier ter sprake lê op 'n ander vlak).

Die punt in geding is die onweerlegbare feit dat al drie Sinoptici *die vrug van die wingerd(stok)* en *nie die wyn* beklemtoon nie. In die Evangelie van Johannes, (wat nie die instelling van die Nagmaal beskryf nie) kom in hoofstuk 15 'n mate van parallel voor. Dit is opvallend dat dit ook dáár om die *wingerd(stok)*, en nie om die *wyn* gaan nie.

Daar kan dus gevra word of die klem op die *wingerd(stok)* en dus nie op die *wyn* nie, nie 'n verbondsmotief in Jesus se instellingswoorde is nie? Vergelyk byvoorbeeld Psalm 80 en Jesaja 5 en Johannes 15. Dit blyk 'n belangrike intensifering van die verbondskarakter van die Nagmaal te wees.

## 6.3 Die *neem, gee, dank/loof*

Oor die *neem, gee, dank/loof* van die beker is reeds genoegsaam onder punt 5 gehandel. Die leser word hierna verwys.

#### 6.4 Die bevelwoorde (imperatiewe) by die beker-teken

Hier tref ons 'n redelik groot variasie aan: dit strek vanaf 'n direkte bevel tot geen bevel nie.

- Matteus 26:27: λέγων· πίνετε ~~ἐξ~~ αὐτοῦ πάντες·  
(seggende: drink almal daaruit)
- Markus 14:23: καὶ ἔπιον ~~ἐξ~~ αὐτοῦ πάντες  
(En hulle het almal daaruit gedrink)
- Lukas 22:17: (niks, behalwe by die *voorafgaande* beker)
- 1 Kor 11:25: τοῦτο ποιεῖτε, ὡς ὅτις ἐάν πίνετε, εἰς τὴν ἑμὴν ἀνάμνησιν.  
(Doen hierdie (ding), so dikwels as julle drink, tot my gedagtenis.)

Hierdie variasie binne die *oppervlaktestruktuur* van die vier berigte, verteenwoordig egter géén wesentlike verskil nie: al vier sê, of impliseer, die opdrag om saam *met die medegelowiges* uit die beker te drink.

Goppelt (1959:154) vertolk die gemeenskapskarakter wat Jesus in sy instellingswoorde aan die bekerteken gegee het, pragtig: "Das gemeinsame Trinken schliesst die Jünger zu einer Tischgemeinschaft unter dem zu diesem Becher gesprochenen Wort Jesu zusammen".

#### 6.5 Tot My<sup>3</sup> gedagtenis

In 1 Korintiërs 11:25 lees ons: "Doen hierdie ding, so dikwels as wat julle drink, tot my gedagtenis"

τοῦτο ποιεῖτε, ὡς ὅτις ἐάν πίνετε, εἰς τὴν ἑμὴν ἀνάμνησιν.

Dit is opvallend dat terwyl Matteus-Markus geen verwysing na die *herinner-* of *gedagtenisaspek* bevat nie, hierdie betekeniselement wél by die Lukas-Paulusberigte aanwesig is, maar - dat dit net Paulus is wat die *tot my gedagtenis* aan die broodteken en aan die bekerteken bind.

---

<sup>3</sup>Hoewel nie elders gebruiklik nie, word die relatief hier met 'n hoofletter weergegee omdat dit 'n *moet* is dat die leser *sien* om Wie dit gaan.

## 6.6 Die beker en die verbond

B. Wielenga (1913:86) skryf in sy beroemde *Ons Avondmaalsformulier* met betrekking tot die bekerwoord: "Hoofdgedachte bij de instellingswoorde, die ons zijn overgeleverd, is de gedachte *des verbonds*" (beklemtoning deur Wielenga).

### 6.6.1 Die Nagmaal as *verbondsteken*

Een van die belangrikste en opvallendste kenmerke van die berigte van Jesus se instellingswoorde van die Nagmaal is die feit dat Hy volgens eenstemmige getuienis van al vier berigte die Nagmaal uitdruklik geplaas het *in die kader van die verbond* (Matt 26:28; Mark 14:24; Luk 22:20; 1 Kor 11:25).

### 6.6.2 Die formulering

Die formulering van Jesus se instellingswoorde by die beker verskil in die berigte tot 'n sekere mate - vergelyk die sinopsis by punt 3.

In Matteus-Markus se berigte lui dit:

τοῦτο (γάρ - net by Matteus) ἐστὶν τὸ αἷμά μου τῆς διαθήκης  
((want) hierdie is my bloed van die verbond (Matt 26:28; Mark 14:24))

By Lukas-Paulus lui dit:

τοῦτο τὸ ποτήριον ἡ καινὴ διαθήκη ἐν τῷ αἵματι μου  
(Pauliniese variant: ... διαθήκη ἐστὶν ἐν τῷ ἐμῷ αἵματι  
(Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed (Luk 22:20; 1 Kor 11:25))

In die grammaties-sintaktiese vormgewing is daar dus beslis 'n onderskeid tussen Matteus-Markus en Lukas-Paulus.

Hierdie feitlike gegewens bevestig dus opnuut dat ons nie ondubbelsinnig seker die presiese oorspronklike woorde (die *ipsissima verba*) van ons Here Jesus by die instelling van die Nagmaal kan bepaal nie (vergelyk 2.1-2.3).

Tog kan gevra word of bogenoemde nie opnuut bevestig dat daar vanaf die heel begin

van die Christelike Kerk geen sprake was van 'n *towerformule* wat *ex opere operato* effektief is of kan wees en genade/vergewing toebedeel nie.

### 6.6.3 Nagmaal-verbond-beker

Wat beteken 'n *nuwe verbond*? Beteken dit: een *in die plek* van 'n *ou verbond*? Nee, en ja! *Nee* want καινος-καινη dui normaalweg aan dat iets ouds nuut gemaak word, terwyl νεος normaalweg dui op 'n ander nuwe iets. *Ja*, want die verbondsluiting by die Nagmaalsinstelling kom tog in 'n sekere sin in die plek van 'n vroeëre verbond. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat daar in die Ou Bedeling  *twee verbondsluitings* met Israel as volk van God was wat albei hier ter sake is:

- i) Die verbondsluiting met Abraham en sy nageslag na hom (Gen 16:18; 17:1-4), wat inhou: seën vir sy nageslag (Israel), maar óók dat in sy nageslag al die nasies van die aarde geseën sal word (Gen 18:8 en 22:18).
- ii) Die verbond na die uittog by Sinaï (die Sinaïtiese of Mosaïese Verbond - Eksodus 19:1-8; 24:7-8). In laasgenoemde teks is ook sprake van *die bloed van die verbond*, maar dit word gekwalifiseer as: "wat die Here op grond van al hierdie gebooe met julle gesluit het" (1983 AV).

Die groot vraag is: watter verbond is nou die *ou verbond* wat in Jesus se bloed *nuut* gemaak word en watter verbond is die *ou verbond* wat deur Jesus se bloed vervang word?

Vervolgens sal eers 'n stelling gemaak word en dan sal argumente aangevoer word om dit te beredeneer.

**Stelling:** Die *verbond in my (Jesus se ) bloed* is 'n *nuwe verbond* in die plek van die Sinaïtiese wetsverbond en is nuutmaking van die genadeverbond met Abraham (vir breëre bespreking vergelyk Coetzee, 1965:116-118,229 en 231-232).

**Argumente:**

- i) Jesus se instellingswoorde "dit is die nuwe verbond in (of deur) my bloed" gryp onmiskenbaar terug op die profesie van die komende Messiaanse bedeling in Jeremia 31:31-34. Dit word aanvaar deur onder andere Behm (1935:136); Schniewind (1937:9-10); Jeremias (1949:85); Ridderbos (1950:181); Steinbeck (1959:76); Versteeg (1980:48). Ridderbos (a.w.) verklaar byvoorbeeld: "Het is van belang hierbij op te merken, dat het Avondmaalswoord in zijn verschillende

versies op een zeer duidelijke wijze herinnert aan de profetie van Jer 31:31-34 waarin van het nieuwe Verbond gesproken wordt."

Die besondere belangrikheid hiervan vir ons doeleindes is dat die *nuwe verbond* wat in die Messiaanse bedeling deur die Here self ingestel sal word, 'n verbond sal wees "nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op die dag toe Ek ... hulle uit Egipteland uit gelei het nie" (Jer 31:32). Hieruit blyk duidelik dat die *nuwe verbond* in die plek sou kom van die Sinaïtiese Verbond en nie in die plek van die Abrahamitiese Verbond nie.

- ii) Ander plekke in die Nuwe Testament waar die uitdrukking *nuwe verbond* uitdruklik voorkom, bevestig bogenoemde.

Hebreërs 8:8 (binne 8:8-13) Hebreërs 9:15 (binne 9:13-22) sowel as 2 Korintiërs 3:6 (binne 3:2-14) wat uitdruklike verbande met Jeremia 31:31-34 lê, stel die *nuwe verbond* pertinent teenoor die Sinaïtiese Verbond (as *ou verbond*), en lê 'n positiewe verband met Abraham en Gods verbond met hom.

- iii) Die feit dat Jesus hierdie fees van die nuwe verbond juis instel, *direk aansluitend* by die Paasmaaltyd, die feestelike herdenking van die uittog en die Sinaïtiese Verbond, dra baie gewig: sy bloed is die bloed van die Ware Paaslam (vergelyk 1 Kor 5:7).

- iv) Reeds toe daar hierbo gehandel is oor die twee verbondsluitings met Israel in die Ou Testament is na Eksodus 24:7-8 verwys. Jesus sluit onteenseglik daarby aan, maar nou kontrasterend: terwyl dit in Eksodus 24 die bloed van geslagte offerdiere was, is dit nou "My bloed"; terwyl "die bloed van die verbond" dáár gekwalifiseer word as "wat die Here op grond van al hierdie geboorte gesluit het", word die verbondsbloed hier nader gekwalifiseer as "wat gestort word tot vergifnis van sondes."

- v) Die laaste argument raak die *begunstigdes* by die bekerteken: terwyl Paulus niks daarvoor sê nie, en Lukas net "vir julle" sê, is Matteus-Markus eenstemmig dat Jesus se bloed seën inhou "vir baie" (Matt: περὶ πολλῶν; Mark: ὑπὲρ πολλῶν). Beide impliseer waarskynlik die uitbreiding van die evangelie ook na die heidennasies. Dit dui sterk daarop dat die nuwe verbond die ou Abrahamitiese Verbond *nuut* maak: daarin is immers die seën van die verbond aan al die volke toegesê - in die nageslag of die Saad van Abraham - op God se tyd!



## 7. BIBLIOGRAFIE

### PRIMÊRE BRONNE

- The Greek New Testament. 1975. Third Edition. New York : United Bible Societies (Afgekort: UBS3), American Bible Society (E.A.).
- Die Bybel. 1953. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. London : Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (Afgekort: AV 1933/55 of AV 1953).
- Die Bybel. 1983. Nuwe Vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (Afgekort: AV 1983) (Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament word met TWNT afgekort)

### ANDER BRONNE

- BEHM, J. 1935. Diatheke. In Kittel, G. TWNT II. Stuttgart : W. Kohlhammer.
- COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. 'n Eksegetiese studie. Potchefstroom : Pro Rege.
- DU TOIT, A.B. 1965. Der Aspekt der Freude im urchristlichen Abendmahl. Winterthur : P.G. Keller
- GOPPELT, D.L. 1959. Paterium. In Kittel, G. TWNT VI. Stuttgart : W. Kohlhammer.
- JEREMIAS, J. 1949. Die Abendmahlsworte Jesu. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- LOUW, J.P. AND NIDA, A.E. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Volume 1 and 2. New York : United Bible Societies.
- METZGER, B.M. 1971. Third Edition. A textual commentary on the Greek New Testament. A Companion Volume to the United Bible Societies' Greek New Testament. London : United Bible Societies.
- PETZER, J.H. 1985. Gedagtes rondom Lukas se berig van die instelling van die Nagmaal - Lukas 22:14-22. In *die Skriflig*, 20(74).
- RIDDERBOS, H. 1950. De komst van het koninkrijk. Jezus' prediking volgens de Synoptische Evangelien. Kampen : Kok.
- SCHNIEWIND, J. 1937. Das Evangelium nach Matthäus (In Das Neue Testament Deutsch) Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- STEINBECK, J. 1959. Das Abendmahl Jesu. In *Novum Testamentum III*
- STRACK, H.L. und BILLERBECK, P. 1961. Das Evangelium nach Matthäus, erläutert aus Talmud und Midrasch. (In Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrasch). München : C.H. Beck'sche
- VERSTEEG, J. 1980. Het avondmaal volgens het Nieuwe Testament. In Van't Spijker, W. et al. By brood en beker. Leer en gebruik van het heilig avondmaal in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de westerse kerk. Goudriaan : De Groot.
- WIELENGA, B. 1913. Ons Avondmaalsformulier. Kampen : Kok.

